


ST. JOHANNES DIE EVANGELIS

27 DESEMBER

(1ste eeu)



Hierdie 'geliefde dissipel' soos hy na homself verwys, was uit Galilea afkomstig en het saam met sy broer Jakobus en Petrus deel uitgemaak van die binnekring van Jesus se dissipels. Hy was waarskynlik 'n visserman en oorspronklik 'n dissipel van Johannes die Doper. Die Evangelie wat sy naam dra lees soos 'n ooggetuie verslag van die gebeure van Jesus se lewe en pog om die waarheid wat daaragter skuil na vore te bring. Volgens oorlewering het hy ná die Here se Hemelvaart in Efese gaan woon. Tydens die regering van keiser Domitianus is hy na die eiland Patmos verban waar hy die boek Openbaring geskryf het. Daarna keer hy terug na Efese waar hy op 'n hoë ouderdom sterf.